Kraggakamma Huisgeloof
vir kleingroepe, families en stiltetyd
(9-13 November 2026)

AFSKOP VRAAG

As iemand vir jou 'n baie spesiale kaartjie stuur om jou te herinner hoe kosbaar jy vir hom of haar is, wat sal jy graag op daardie kaartjie wil lees? En wie se woorde sal vir jou die meeste beteken?

GEBED

Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan en bid vir mekaar.

SKRIFLESING EN TEMA

Sefanja 3:14-20
God se Kerskaartjie vir jou!

GESPREKSVRAE

1. Die volk Israel het God dikwels teleurgestel en van Hom af weggedraai. Tog belowe Hy: “Die Here jou God is by jou.” Wat sê dit vir jou oor God se karakter? Hoe help hierdie waarheid jou wanneer jy voel dat jy God teleurgestel het?
2. Mense dink soms dat God kwaad is vir ons en net wag om ons te straf. Hoe verskil hierdie beeld van God van die beeld wat ons in Sefanja 3 en in Jesus Christus sien? (Joh 12:47)
3. Dink 'n bietjie hieroor: God se liefde vir jou is nie afhanklik van jou prestasies, goeie gedrag of geestelike prestasies nie. Hy het jou lief omdat Hy liefde is. Hoe verander dit die manier waarop jy oor jouself en jou verhouding met God dink?
4. Dit is nogal 'n verstommende gedagte dat God nie net vir ons lief is nie, maar ook gevul is met vreugde oor ons. Waarom is dit vir ons soms moeilik om te glo dat God werklik só oor ons dink en voel soos in Sefanja 3:17? Wat kan ons help om hierdie waarheid dieper in ons harte te laat leef?
5. Lees die volgende verhaal en gesels dan oor hierdie vrae: Watter dinge in die lewe laat jou soms minderwaardig, onseker of onwaardig voel? Hoe behoort jou identiteit as geliefde kind van God jou denke oor jouself te verander?
   Ek lees iewers die verhaal van die Ledford familie in Amerika. Burnam Ledford was ‘n formidabele man, gebore in die laat 19de eeu. As hy terugdink aan sy vormingsjare is daar een spesifieke insident wat uitstaan bo al die ander. Dit was toe hy sy ouma-grootjie gaan besoek het toe hy 5 jaar oud was.
   Sy was in die vorige eeu gebore en reeds vir baie jare blind.
   Ledford onthou haar hoe sy in ‘n groot stoel gesit het. Sy het hom nader getrek na haar toe, en met haar krom vingers oor sy oë, neus en gesig gevoel om uit te vind na wie hy lyk. En toe gesê: “Yep, he’s one or ours.” Lenford onthou dit as die oomblik in sy lewe wat hom gehelp het om te verstaan wie hy was: “Een van ons.”
6. Sefanja praat met mense wat moedeloos, verneder en onseker oor die toekoms was. Ons leef ook in 'n wêreld vol onsekerheid, konflik en bekommernis. Watter deel van

hierdie gedeelte gee vir jou die meeste hoop? Hoe kan ons ons toekoms met groter geloofsvertroue aan God oorgee?

7. Laat elkeen in die groep die volgende sin voltooi:
   “Die belangrikste ding wat ek vandag weer van God gehoor het, is ...”

AFSLUITING

As ons werklik glo dat God by ons is, oor ons jubel, ons liefhet en ons toekoms in sy hande hou, verander ons lewens. Hoe verander “God se Kerskaartjie aan jou” jou manier van dink, leef, jou verhoudings en jou diens aan ander? Noem een ding wat jy hierdie week anders gaan doen.

GEBED

Vra vir die Here om vir julle te wys wie Hy regtig is. Vra dat Hy, deur die werking van sy Heilige Gees, ons sal help om oor onsself te dink soos wat Hy oor ons dink en onsself lief te hê soos Hy ons liefhet.